

# PRO

# VERITATE

CHRISTELIKE MAANDBLAAD VIR SUIDELIKE AFRIKA

Jaargang II; Nr. 8.

Intekengeld R2 Subscription

By die Hoofpostkantoor as nuusblad geregistreer.

Nico Ferreira\*

## 'n Taak vir Suid-Afrika

Gedurende die afgelope drie maande het ek hier in Londen heelwat ondervind wat van waarde is vir ons almal wat naastiglik soek na 'n oplossing vir die krisis waarin Suid-Afrika hom bevind. Hierin probeer ek my waarnemings asook my ontleding van die situasie weergee.

### Waarnemings

Eerstens moet ek sê dat Londen seker die mees ideale plek in die wêreld is om kontak met Afrika te maak. Afgesien van die diplomatieke verteenwoordigers van Afrika-state, is hierduisende studente — meer as 15,000 in Brittanje van Nigerië alleen. Soos begryp kan word, is hulle uitgesoekte mense en gaan hulle terug om verteenwoordelike plekke in hulle lande in te neem. Dan is daar die kantore van die PAC en ANC en ander verteenwoordigers van die rewolusionêre elemente in Afrika. Ek het mense uit al nieri groep goed leer ken en talle gesprekke met hulle gevoer.

### Afrika in twee kampe

Afrika is m.i. in twee kampe verdeel. Aan die een kant is daar Ben-Bella, Nkrumah en ander. Hulle doel is 'n verenigde Afrika onder die voandel van Marx. Hulle onmiddellike taak is om beheer in die Suide te kry. Daarna sal hulle afreken met die „gematigde“ swart leiers. In beide fases van hulle stryd sal hulle gebruik maak van Sjina wat meer as gewillig is om te help. Trouens indien hierdie groep wen, is Afrika se einde 'n rooi Sjina kontinent.

Aan die ander kant is daar die „gematigde“ swart leiers in Afrika wat nie kommuniste is nie en wat hereid is om met die wit man in Afrika saam te werk. Ek tel o.a. name soos president Nyerere, mar. Kenyatta, Wachuku onder hierdie groep wat openlik die opinie uitspreek dat die wit man wat Afrika sy tuiste maak, 'n Afrikaner is. Hulle stel egter die voorwaarde dat samewerking alleenlik op die basis van gelykheid kan geskied. Hulle is so sterk gekant teen die beleid van rassediskriminasie in die Suide, dat hulle met die kommuniste saamwerk om dit omver te gooi. Hierin lê die eenheid van Addis Ababa. Wêreldmening gee volle ondersteuning aan die Addis Ababa-standpunt in hierdie saak.

Ons sal realisties moet beplan en optree in die lig van hierdie werkelikhed. Dit is ulters gevaelik om te wil voorgee dat die wêreld ons begin verstaan en ondersteun. Wêreldmening oor Suid-Afrika het trouens hand uitgeruk. Indien daar nou 'n krisis in Suid-Afrika van militêre aard sou ontstaan en die Britse en Amerikaanse regerings ons sou wou help, sal die mense van hierdie lande hulle nie toelaat nie. Nie vergeet moet word nie is dat die pers, radio en televisie vir jare hul rol gespeel het om die miljoene van die wêreld teen ons te indoktrineer. 90% plus van die Suid-Afrikaanse nuus in

die pers en radio hier gaan oor Goldreich, Wolpe, Brutus en die soortgelyk. Hulle word voorgehou as martelare en ons die onderdrukkers.

Nadat met Suid-Afrika afgerekken is, sal die tweede fase van die plan in werking kom. Die kommuniste sal dan afreken met die ander Afrika leiers wat nie in hulle kamp is nie. Die enigste hoop vir Afrika lê daarin dat ons wat die Christelike beskawing verteenwoordig en die „gematigde“ en nie-kommunistiese leiers in Afrika, mekaar as bondgenote vind. Saag ons nie daarin nie, is daar net een uiteinde vir die kontinent van Afrika — 'n tweede Rool Sjina.

Een nie-blanke politieke vlugteling uit Suid-Afrika hier in Londen, het my vertel van ses maande militêre opleiding as 'n guerillavegter wat hy reeds in Algerië ondergaan het. Hy weet van 200 soortgelyke opgeleide guerillavegters wat reeds in Suid-Afrika terug is. Hulle is versprei oor die hele land. Een van hulle aktiwiteit is sabotasje. 'n Ander is om op 'n gegeve beplante oomblik 'n incident soortgelyk aan Sharpeville te laat plaasvind. Alhoewel die massaas van die nie-blankes, ten spyte van hulle ontevredenheid, nie bloedvergieting wil sien nie, kan hulle dan daar toe opgesweep word. Dit sal dan die moment wees vir die Afrika-state om self of deur die VVO, Suid-Afrika met wapens aan te val. (Hierdie moontlikheid word openlik in die oorseese pers gepropageer en genoem: bv. "The Times" 6 November, 1963). Persoonlik glo ek dat die Westerse nasies dan met ons sal doen wat hulle verlede week met hulle bondgenoot president Diem van Suid-Vietnam gedoen het. Ons beleid bring hulle in die verleentheid met die Afro-Asiate. Die houding van hierdie mense is vir die Weste van die grootste belang in die koue oorlog.

Die persoon wat in Algerië opgelei is, sê dat die gesprekksprake oor die militêre optrede in Suid-Afrika, wat in Algerië gehou word, so grusam was dat hy dikwels moes uitloop. Dit is duidelik dat dinge baie erger is as wat hy verwag het toe hy Suid-Afrika verlaat het. Met ons lanste ontmoeting drie dae gelede, het hy gesê dat die planne van die mense wat bloedvergieting beplan nou baie vinnig vorder en dat alleenlik 'n wonderwerk nog die situasie kan red.

### Wat kan gedoen word?

Die vraag is nou wat ons in die lig van hierdie werkelikhed moet doen. M.I. is daar sekere beginsels wat ons met die uitset moet aanvaar. (1) Suid-Afrika is deel van Afrika en ons toe-

### In hierdie uitgawe / In this issue

'n Taak vir Suid-Afrika	1
Address to the Nation	1
The Covenants	2
Redaksioneel/Editorial	3
Oordenking	3
Verbreekte eenheid	4
Gevaarlike woorde	6
Kommunisme en Christendom	6
The Great Ejection	7
Twee vorms van apartheid	7
The Church in the World	8

CHRISTIAN MONTHLY FOR SOUTHERN AFRICA

Dec. 15 Des. 1963

Volume II; No. 8.

Registered at the Post Office as a Newspaper

kom gaan bepaal word deur wat met die kontinent gaan gebeur. Daarom is die toekoms van die hele kontinent ons verantwoordelikheid. (2) Die blankes aan die suidpunt van Afrika vorm op kulturele gebied 'n identiteit van hulle eie en as sodanig het hulle 'n reg op voorbestaan en 'n bydrae om te maak in die ontwikkeling van Afrika.

In die lig van hierdie feite wil ek 'n ander aspek noem. Afrika is onderontwikkel en die massaas is arm. Die huidige regerings in Afrika het min sukses gehad om hierdie toestand te verbeter. In baie lande het die lewensstandaard selfs gedaal. Die redes daarvoor is dat die blankes die lande verlaat het en saam met hulle kennis, geld en ondernemingsgees geneem het. Die ander rede is dat korrumptie hoogte vier. Nog 'n ander rede is dat stambelange dikwels voorkeur gegee bo die nasionale en supernasionale belang. Die gevolg is dat feitlik alle Afrikalande op die drumpel strand van rewolusies om die huidige regerings omver te gooi. In sekere lande het dit reeds gedurende die afgelope paar maande gebeur. Die massaas voel dat hulle verras is deur die politici wat hulle die men op die man beloof het toe hulle nog vir vryheid geveg het. Indien hierdie rewolusies plaasvind, sal dit slegs beteken dat kommunisme bale vinniger gaan veldwen.

Hierdie kritieke situasie in Afrika gee Suid-Afrika egter 'n sleutel tot die toekoms. Deur die ontwikkeling van Afrika eerlik in belang van die massaas aan te pak en dit ons doel te maak, kan

die kontinent gered word van geweld en kommunistiese oorname. Hierdeur sal ons die vertroue van die eerlike leiers en van die massaas in Afrika wen. Deur hierdie nuwe en grootse doel aan Suid-Afrika te gee, skep ons ook die moontlikheid van samewerking vir alle mense in Suid-Afrika.

Ons is by verskillende tegnieke liggange in konferensies wat hulle hiermee besig hou, uitgeskop. Nie omdat ons verteenwoordigers by die geleenthede nie 'n bydrae kan maak nie, intendeel, ons land staan hier bonas die lys om 'n bydrae te maak.

Die rede waarom ons uitgeskop is, is ons rasiale beeld. Die mense voel dat die basis van ons beleid eerstens in die belang van die blankes is. En hulle is reg. In terme van Afrika gesien, plaas ons die belang van ons „blanke-stam“ eerste. In Suid-Afrika word regtig stemreg: reg om sekere werke te doen; reg om vry in die land te beweeg; ens. — vir die blankes gereserveer. Ten spyte van die feit dat sekere gebiede van ons land nou vir nie-blankes as woongebied in die vooruitsig gestel word, moet onthou word dat ons vir die afgelope drie honderd jaar in die selfde gebied saamgewoon het; dat die meerderheid van hulle nog saam met ons woon; dat hulle 'n bydrae gemaak het in die opbou van ons stede, industrië, ekonomiese; dat hulle nie 'n aandeel daarin het om te besluit watter deel van die land hulle gaan kry nie; dat talle Bantoes nog aan die Xhosas,

• Vervolg op bladsy 2

Rev. R. Orr\*

## ADDRESS TO THE NATION

December 16th is the "Day of the Covenant". The word "Covenant" takes us back to the agreement, or covenant made by God with his people Israel. The words below might be called a modern paraphrase of what Moses had to say to his people about this covenant.

You stand today at a turning point in history, and you stand there in the presence of God. Among you are cabinet ministers, provincial councillors and municipal representatives, all the elected leaders of the nation: and these are but part of the vast company that includes every man in the country, every woman, every child, every office worker and shop assistant, every workman, every miner, everyone who has a part in our complex civilisation, including those on whose work we depend, but whom we so rarely remember to honour, such people as the street cleaners and the sewage men. One and all you are present today, for one purpose; to realise that you are separately and together faced by one critical opportunity, an opportunity which you must either accept or reject but which you cannot escape: the opportunity to make a solemn contract with God. If any foreigners are with us now, I say to them that all are included in this; if anyone known to you happens to be absent, that does not exclude him. This matter is for us all, absolutely and

without exception.

Something of the past history of our nation is known to us all; perhaps, up till now, you have never stopped to realise the part that God has been playing through its long years. He it is who has brought us to this place. Most of you have heard, on the radio, or through films or newspapers, of the new horrors that may lie ahead: the "bomb" may mean the end of civilisation. One day in the not so distant future an explorer from a far land may arrive in this country and find a barren waste, dried-up fields without blade of grass, burnt-out rubble heaps that once were cities, an no oasis in a vast desolation. "What caused it?" he will cry in bitter horror. There will be one answer, and one only. This was the consequence of man's deliberate wilfulness: this is what happened when men who had seen God's plan ignored it: this is the result, the inevitable result, of knowing what is right, and choosing what is wrong.

\* Continued on page 5

Many years ago Dr Bruce Gardiner conducted open-air services at the old 'Wanderers' over the week-end of the Royal Scottish Gathering. It was decided this year to revive the custom and a service was held at the new 'Wanderer's Stadium on the afternoon of Sunday, 1st September. While the attendance did not compare with Dr Gardiner's services in the centre of town, it was nevertheless large, and it is hoped that as a tradition is established it will improve.

The arrangements made by the Federated Caledonian Society were excellent, and the large choir, conducted by Mr Drummond Bell, and accompanied by Mr Harry Stanton on the organ, excelled. Mr Paterson conducted the service, and the following is the text of his sermon:

**Hebrews 12 vs. 1 and 2:** Wherefore seeing we also are compassed about with so great a cloud of witnesses, let us lay aside every weight, and the sin which doth so easily beset us, and let us run with patience the race that is set before us, looking unto Jesus the author and finisher of our faith.

"Seeing we also are compassed about with so great a cloud of witnesses"...

The writer of the Epistle to the Hebrews here quotes the great men of Israel's past who suffered for their faith and witnessed to the truth.

"They were stoned, they were sawn asunder, were tempted (a better rendering might be "burned"), were slain with the sword; they wandered about in sheepskins and goatskins; being destitute, afflicted, tormented; (of whom the world was not worthy): they wandered in deserts, and in mountains, and in dens and caves of the earth."

These men fought the good fight. They finished their course, they kept the faith.

And the writer calls upon his own generation, surrounded as it were by this great cloud of witnesses, with this great tradition of faith to strengthen and inspire them, not to falter in the race set before them.

Now over this week-end we have been celebrating some of our great traditions in a colourful gathering and a varied programme of events — and the sound of the pipes has been heard in the land!

I welcome, in particular, the fact that after many years you have decided to reinstate this service as part of your weekend's programme and I am proud and privileged to conduct it. For it is right and fitting that amid all the colour and enjoyment we

# PRO VERITATE

## Rev. A. Paterson\*

# The Covenanters

should set aside a time to remember the great men of our people, those who made the nation great, who suffered for their faith, who endured much for great principles, who were men among men, who fought the good fight and finished their course. It is proper that we should remember them and pray that the God of our Fathers should be the God of their succeeding race.

And because you have called this service a Conventicle, it seems appropriate that I should remind you in particular this afternoon of the Covenanters.

### What they fought for

The fundamental issue that the Covenanters fought, despite the many criticisms and sneers that have been levelled at them, was that Jesus Christ was the only King and Head of the Church. They would not tolerate any earthly king usurping that position, nor would they accept the intervention of secular authority in the work and witness and worship of the Church.

King Charles II gave them until 1st November, 1662, to change their minds, and on the appointed day some 400 ministers of the Church of Scotland came out, leaving their churches and their manses, and in most cases accompanied by their people, "content to wander for almost 30 years on the mountains and the moorlands that their country and their Church might be for ever free." (James Barr).

So 400 churches were practically emptied, and instead clandestine services or conventicles were held. A conventicle, really a secret religious meeting, could be held anywhere, in private house or public building, but the Covenanters by the very nature of their case, came to hold their services on the green mountain's breast or under dark crags, with rugged recesses and concealed chambers in which many a Covenanter found a hiding place, out among the hills, the heather, on the moorlands of mist where the martyrs lay, with look-outs posted at high vantage points, to warn of impending danger, and vengeance brutal, ruthless and unpitying. Verily we might say of these Covenanters, "they wandered in deserts and mountains, and in dens and caves of the earth."

So you see this is hardly a conventicle in the true sense of the word.

### Heavy persecution

Now at first heavy were imposed for attending conventicles — it is recorded that in one year no less than 17,000 persons were fined and otherwise punished for attending conventicles. In addition they were fined again for not attending a recognised church, and a leader of troopers would frequently enter the pulpit of such a church to check the roll of members against those present and to sentence all offenders. As persecution grew worse, the penalty for attending a conventicle was death.

Inevitably hostilities broke out. In 1666 the Covenanters rescued one of their number who was being tortured. Shortly afterwards a small force of 900 Covenanters was utterly routed. 100 prisoners were taken who were afterwards executed with varying degrees of torture, at appointed spots all over the country. In 1679 the Covenanters were disastrously defeated at Bothwell Brig, 400 being left dead on the field and 1,500 taken as prisoners to Edinburgh where they were confined in the open until most died of disease and exposure. The 257 that remained were sold as slaves to the Barbados, but the ship sank in a storm, and the hatches being nailed down, they found a blessed winding sheet in the northern sea.

These then were the Covenanters and this only a brief part of their history.

Though they fought, there were many of them who would not take the sword, preferring to witness as their consciences directed, and to suffer what they had to suffer. Neither did they presently win their victory by the sword, because they were more often defeated than successful in battle, and in earlier days the Highlanders and Irishmen of Montrose would time and again break through their ranks. They won their victory in the end by their own integrity and steadfastness.

Perhaps their most fitting epitaph comes from Captain John Paton, who after many hairbreadth escapes, was finally executed at the Grassmarket, Edinburgh, and who, speaking from the scaffold, said:

"You need not expect much from me, for I was never a great orator, or eloquent of tongue, though I may say as much to the commendation of God in Christ Jesus, as ever any poor sinner had to say."

"Two swords claim the honour of

having been wielded by Captain Paton; but the most precious is the small pocket Bible, which he handed to his wife from off the scaffold, for it was by this weapon above all — this sword of the Spirit — that the Covenanters won for us our civil and religious liberties. They overcame by the word of the testimony; and it is a remarkable and providential circumstance that this Bible of Captain Paton's, still shown at Lochgoin, has some leaves wanting at the end, worn away by the usage of visitors, significantly closing with Revelation 12 vs 11: "And they overcame him by the blood of the Lamb, and by the word of their testimony; and they loved not their lives unto the death." — (James Barr).

### The challenge to us

"Seeing we also are compassed about with so great a cloud of witnesses." Like the Hebrews let us look back upon the great men of our race, upon an honourable tradition of high courage and integrity, and let us have regard unto the God of our fathers, who made them great. Those were often brutal and bloody times and in days of softer living, we may feel less of a challenge from the things of our faith — though surely we must feel on occasion that we live on the edge of a volcano.

In any event, who can deny that in this age there is a challenge to righteousness, when expediency is the watchword; who can deny that there is a challenge to justice, when prejudice rules the roost; who can deny that there is a challenge to integrity where none can trust another's public utterance, and yea is not yea, nor nay nay; who can deny that there is not a challenge to morality as it becomes apparent that there is something rotten in the state of Denmark; and who can deny that without our fathers' faith in God Almighty these challenges will not be accepted, and we shall be failing in those very things which made our nation great?

Let me recall to all true Scots the qualities of devoutness, integrity and personal character, which are our common heritage and which at our peril we neglect.

"Wherefore seeing we also are compassed about with so great a cloud of witness... let us run with patience the race that is set before us, looking unto Jesus, the author and finisher of our faith."

\* This article by Rev. Paterson of the Free Presbyterian Church in Johannesburg originally appeared in the Church Magazine of the St. George's Church and Mr. Paterson wishes us to mention his indebtedness for the historical references to "The Scottish Covenanters" by the Rev. James Barr.

\* Vervolg van bladsy 1

## 'n Taak vir Suid-Afrika

Basseto of aan 'n ander stam behoort, as gevolg van geslagte van ondertrouery.

### Samewerking is moontlik

Daar is 'n groot persentasie betroubare, alhoewel soms eenvoudige mens, in Afrika, met wie ons kan saamwerk. Vir die afgeloop agt jaar werk ek intiem saam met Afrikaners uit alle dele van die kontinent. Deur as 'n volk in hierdie opsig die inisiatief te neem, sal die lighoofdige, korrupte politici wat so kenmerkend van die kontinent is, en wat vandag die hooflyn in die wêreldpers maak, in die niet verdwyn.

Dit is egter duidelik dat ons nie samewerking met die res van Afrika gaan kry sonder ons 'n beleid van ras-diskriminasie in Suid-Afrika beoefen nie. Indien ons die brug met Afrika wil bou, staan ons voor die feit dat ons beleid van ras-diskriminasie opgehef sal moet word.

Wat kan dit tot gevolg hé?

Die feit dat ons die belang van die kontinent, of liever van die mense van die kontinent voor alle eiebelang plaas, sal as gevolg hé dat ons die vertroue van die massas en van die oregte leiers sal wen. Die gesonde element in Afrika sal op hierdie basis met ons wil saamwerk. 'n Gesonde basis van kon-

gewoontes, ontwikkelingspell, kleur sal mekaar uitsoek en in groep saamwoon. Soort soek soort. Dit kan 'n gesonde basis vorm vir die verdere ontwikkeling van almal.

Dan is dit ook waar dat die voortbestaan van 'n volk beïnvloed word deur die kwaliteit van lewe van haar mense. In hierdie opsig beleef ons 'n krisis. Minister de Klerk praat van „the ghastly spiritual and cultural poverty of the majority of the people." (*The Star*, 24 Oktober, 1963). Hy sê verder: „In short, they are fleeing from the boredom caused by the spiritual vacuum inside them. Their minds are fed on straw, their feelings and attitudes are debased, their tastes made vulgar."

Ek kan aan geen beter aansporing dink om ons mense te laat werk en om hulle karakter te bou nie, dan om vir hulle 'n groot genoeg doelstelling te gee. Dink watter aansporing dit vir ons mense sal wees om Afrika tegniek, industriële, landboukundig en geestelik te onwikkelen. Die taak is so groot dat dit onbeperkte werksmoontlikhede vir 'n onbepaalbare tyd vir talle mense sal skep. Dit sal ook die gesonde mededinging meerhang wat 'n einde sal maak aan die lui, doellose mense in beskermde werk.

### Liefde vir eie — Dien aan almal

Die artikel „Die Week in die Politiek", in „Dagbreek en Sondagnuus"

van 27 Oktober, 1963, slaan die spyker op die kop. Rasemeerde waardigheid sal moet verdwyn. Dan alleen is daar 'n basis van samewerking en 'n hoop op voortbestaan in Afrika. Indien ek naam met 'n nie-blanke in die Pretoria stadsaal na 'n opera uitvoering kan sit en luister, kan ek ook saam met hom as gelykwardige medemens 'n werk doen. Vir jare reeds ondervind ek dit in my werk. My kleur is nog dieselfde en in my hart brand 'n liefde vir my volks-eie sterker dan ooit tevore. En bo alles, het ek geleer dat die toekoms van my volk afhang, nie van suksesvolle afsondering nie, maar van ons karakter. Dit sou 'n gesonde groep (blanke) trots, kan beste gebou word deur saam met die res van Afrika te werk in hierdie grootse taak om 'n nuwe kontinent te bou.

Ek wil my gewig saam met minister de Klerk ingooi om die karakter van die Afrikaner-volk te bou. Ek wil ook my gewig ingooi by die swart leiers wat die ideal daar gestel het om 'n menswaardige lewensbestaan vir elke siel in Afrika te skep. Deur dit te doen sal ons nie alleenlik Afrika red nie, maar 'n antwoord op die morele insinking van 'n verwarde en sterwendé wêreld bring.

\* Mar. Ferreira is 'n werker in die Morele Her beweegende beweging en het daar sy arbeid in noue aanvank met nie-blanke leiers in Afrika gedoen.

# PRO VERITATE

Redaksioneel

## KOM BUG DAAR IN AANBIDDING

Dis weer feestyd: volksfeeste, Kerfeesvieringe, Nuwejaarsfeesvreugdes. Watter pragtige weerraatsing van moontlike geluk en harmonie en eendrag en liefde word deur hierdie feesdae aan ons gegee! Wie egter effens dieper gaan delf as hierdie blink uiterlike glinstering ontdek gou dat so baie van hierdie vreugdeniks meer is as jillende jolyt, dat so baie van die harmonie in werklikheid haat verberg, dat so baie van die liefde lou en laf geword het. Het dit u nie ook al opgeval hoedat die toenemende leegheid van mense se innerlike huis neig tot groter opsmuk en vertoon? Dat hoe minder musiek daar in die binneste is, hoe meer lawaai daar na buite gemaak word? So asof ons daardeer die innerlike armoede en leegheid van ons eie lewes angstvallig wil bedek?

En tog wil ons vreugde hê, moet ons vreugde vind. Want sonder sonskyn en saffier, sonder glans en geluk sterf die mens aan homself. En nou is dit die wonder dat al die stralende, jubelende, tintelende blydskap wat 'n mens se hart kan bevat en beleef, aan ons gebied en geskenk is deur die koms van die Seun van God na hierdie wêreld. Wie is daar wat die mensehart beter ken as HY? Wie is daar wat die mens sy geluk meer gun as Hy? Die vrang is hoeveel van ons dit werklik verstaan en ondervind het: dat Jesus Christus se koms na die wêreld ook sy koms is vir ons — en dat elkeen wat dit eenmaal ondervind het, nou aan leef uit die jubelende sekerheid dat die lewe nuut geword het, dat die genade van God ewigryk oor ons troon. En daarom — wie dit eenmaal as heerlike, stralende werklikheid ontvang het, sal nie kan ophou om bly te wees, om te sing en te vertel van die ewige geluk wat in Christus ons s'n geword het — en wat Hy deur ons aan elke kreatuur bled.

Daarom kan ons met vrymoedigheid in sy Naam u toeroep:  
Kom, buig daar in aanbidding  
voor Jesus, die Heer!

Want wie dit in opregtheid doen sal ondervind dat ten spyte van haat en venyn, van onreg en geweld, van valsheid en ontrou, Christus Jesus deur sy koms alle menslike sonde en skuld oorwen het. Daarom: laat ons feesvier soos net Christene dit kan doen!

Editorial

## DAY OF COVENANT

Because of their history the Afrikaners have been up till now the only group in our country to participate in the Day of Covenant. To them it has meant the commemoration of the wonderful way in which God saved and kept a small group of Trekkers from total extinction. Sometimes it has been felt by other cultural and racial groups that the festivities around this day carried with them an air of exclusiveness and even vindictiveness. If this were the case, it was the rare exception because the true Afrikaner never observed the Day of Covenant in a spirit of pride and wrath or with the intention to belittle other groups.

With all the changes which have come about in our cultural and racial relations in South Africa the past 10 years the question now arises whether we should not consider the only realistic possibility namely to view our Day of Covenant as an excellent opportunity for Christians of all cultures and races to express our faith in the reconciling power which God has promised and Christ has bestowed upon us as the mediators between opposing forces and clashing cultures or interests. Is it too idealistic to believe that this festival may yet become one of the potent forces for Christian unity? We presume that many English-speaking and non-white South Africans will view this suggestion with indifference or even hostility — partly because our Afrikaans-speaking Christians have not consciously drawn them in the celebrations of the day — and we cannot judge or condemn them if they hold these sentiments. But we would plead with all our cultural and racial groups to seriously reconsider the whole position. For this day must either become a celebration in which all Christians of all cultures and races in our country must participate — or it will dwindle away to the sectional festival of a small group of our population. The change in outlook and programme will call for sacrifices of all groups — but the gain will far exceed the loss. What a testimony this could be to the redeeming power of Christ in the renewal of broken human relations!

## OORDENKING

# Swakheid

„En Hy het vir my gesê: My genade is vir jou genoeg, want my krag word in swakheid volbring”. — 2 Kor. 12 : 9.

Swakheid is die verskyningsvorm van God in die wêreld. Dit is terselfdertyd die bittere aanstoot en die diepe troos van die Evangelie. Die Almagtige God het in die wêreld ingekom as die Kind wat in die krip lê, vir Wie daar geen plek in die herberg was nie. Van die Timmermanseun van Nasareth het die volk van sy tyd wie se harte gebrand het om 'n verlosser, nie veel verwag nie. Hy het soos 'n armoedige gewandel op die landpaaie van Galilea en Judea met geen plek waar Hy sy Hoof kon neerlê nie. Hy het geen gestalte of heerlikeheid gehad waarom Hy aangesien sou word nie. Daarom het sy volk aan Hom aanstoot geneem. Soos 'n lam is Hy na die slagplek gelei. Arm en naak en alleen het Hy aan die kruis gesterwe terwyl die oudstes van sy volk vir laas rondom Hom gestaan het en gespot het: „Ander het Hy verlos, Homself kan Hy nie verlos nie. As Hy die Koning van Israel is, laat Hom nou van die kruis afkom en ons sal in Hom glo.” Dit is asof bulle Hom wou smeek om tog iets van die goddelike glans en majesteit te openbaar sodat bulle die verlosser in Hom kon erken. Maar so was dit die wil van God om in die swakte van Bethlehem en Nasareth en Golgotha na die wêreld te kom. In hierdie swakheid is die krag van God volbring, want deur die swakheid van Jesus Christus het ons meer as oorwinnaars geword en deur sy armoede het ons die rykdom van die vergifnis van sonde en die ewige lewe be-erwe.

Die eerste christene het iets daarvan verstaan dat swakheid as die verskyningsvorm van God op aarde deur hulle lewe en getuienis in die wêreld voortgesit moet word. Hulle het geweet dat hulle soos lammers onder die wolfse gestuur is. En toe hulle weerloos vir die leeu gegooi is, toe het die kerk van Christus sy glorie-uur belewe.

Paulus herinner die Korintiërs daaraan dat hulle nie baie wyse na die vlees is nie,

nie baie magtiges, nie baie edeles nie. Maar wat swak is by die wêreld, het God uitverkies om die wat sterk is te beskaam.

En as by oor sy eie swakheid en die doring in sy vlees spreek, dan praat hy nie net as 'n enkeling wat 'n belydenis wil doen nie, maar as die apostel, as die leermeester van die Kerk, sodat die gemeente van Korinthe en met bulle die gemeente van alle tye dit as 'n Woord vir die Kerk sal mee-neem: „My genade is vir jou genoeg, want My krag word in swakheid volbring.”

Swakheid is die verskyningsvorm van God op aarde. Daarom mag die Kerk ook nie 'n ander gedaante dra nie. Swakheid is haar ereteken, haar waarmerk. Maar terselfdertyd is dit die kruis van die Evangelie wat sy moet dra. En daarom is daar aanstoot. Voor die deur van die gemeente lê die versoeking altyd om sterk te wil wees. Om met die geopende Bybel as die enigste sigbare wapen in die wêreld uit te gaan en om van die genade van God alleen afhanglik te wees, kom so weerloos en so dwaas voor. Daarom word daar na mag gesoeck en eer en invloed, om nie meer net van die Woord en die genade van God afhanglik te wees nie, maar van die opinie en die invloed van mense. Maar wanneer die Kerk haar aan die wêreld uitleen om sterk te wil wees, dan beteken dit verval. Nee, alleen wanneer die Kerk lewe uit die genade van Hom wat in die krip gele het, wanneer sy die moed tot swakheid het in 'n wêreld waarin daar net plek vir die sterke is, dan word sy die getuie daarvan dat God inderdaad aan die kant van die swakkes en verlorenes is. Dan en dan alleen is sy die lig van die wêreld en die sout van die aarde!

Here, U wat in die krip gele het en aan die kruis gehang het, U is die lewe van U gemeente. U alleen!

Amen

W. J. C.

## Christmas and New Year.

On behalf of the editorial board and the administration of Pro Veritate, we wish all our readers a very happy Christmas. May the peace of Christ fill your heart and homes in spite of many tensions and may you enter the New Year with steadfast trust in God and in his promise of guidance and support for all who obey Him.

## Kersfees en Nuwejaar

Namens die redaksie en administrasie van Pro Veritate wens ons al die lezers van ons blad 'n baie gesênde Kersfees toe. Mag temidde van baie spanninge die vrede van Christus u harte en huise vervul en mag u die Nuwejaar ingaan met vaste vertroue op God en op sy belofte, leiding en steun, vir almal wat Hom gehoorsaam.

Dr. A. Kuyper\*

# VERBREEKTE EENHEID

## Een Wêreldkonsilie

Die wese van die belydenis, erediens en regering van die kerk moes natuurlik een gebly het, maar in elke land en onder elke volk kon 'n mens dit alles as die openbaringsvorm laat behou het soos dit uit die eie aard van die volk self ontwikkel het. Daar kon natuurlik uit alle kerke op aarde afgesante gestuur word na een groot wêreldkonsilie waarin almal byeen kom so dikwels as wat die nood van die kerke dit vereis. Indien dit die geval was, sou die mag wat die Kerk van Christus op die godsdienstige en seudelike lewe van die wêreld sou uitoefen, eenvoudig onweerstaanbaar gewees het. Daar sou dan geen krag in onderlinge stryd verspil gewees het nie. Alle krag en invloed van die Kerk op aarde sou dan as een mag van geloof, toewyding en liefde homself geopenbaar het. Dit sou van self die harte oorwin. By die lees van die Heilige Skrif lyk dit dan ook asof so 'n toestand verwag kon word. Ons lees wel van moeilikhede in een of ander plaaslike kerk en van verskil in insig, van reëlling en van die wyse van uitdrukking maar ons lees nie van kerkgroep wat hulle teenoor 'n ander groep van kerke sou groepeer om mekaar ten opsigte van die lidmaatskap van die Ryk van ons Koning te betwissel nie. 'n Mens sou dit so kon stel dat wat uit die Skrif blyk ten aansien van die lewe van die Kerk daar eintlik nooit iets anders as één vereniging van alle bestaande plaaslike kerke sou ontklem nie. En tog het dit nie gebeur nie. 'n Mens kry eerder die indruk dat al gou die Babyloniese spraakverwarring ook op die lewe van die kerk toegepas is. By Babel is 'n valse eenheid nagestrew wat die ontwikkeling en ontspeling van ons menslike geslag in al sy vertakkinge sou belet het.

God het in ons geslag ryk kieme gele vir 'n veelsydige ontspeling; en nou wou die mens by Babel verhoed, en daarom verhinder, dat die werk van God en die skepping van ons geslag tot Sy eer tot ontspeling sou kom. Daarom is die toleg dan ook verhinder en dit wat teen God se wil homself in valse eenheid probeer ophou, is deur die spraakverwarring uitmekaar geslaan.

Die eenheid van Christus se Kerk hetlynreg teenoor die Babyloniese splitsing van die volkslewe gestaan en die een Kerk moes huis 'n geestelike hand van eenheid staan om die lewe van die volke, wat fides verdeeld en gesplits was. So het hier huis die teenoorgestelde toleg sy verskyning gemaak. In die volkslewe waarby die splitsing normaal was, is daar op 'n valse eenheid afgestuur. In Christus se Kerk waarin die eenheid van alle volke huis die eis was, is die eenheid nou nie verwesenlik nie, en is 'n verdere verdeling en splitsing op die lughartigste manier voortgesit. En die droewige, hange verskynsel hierby was dat elke skeur, eenmaal in die kleed, wat sonder naat moes wees, byna nie weer herstel kon word nie. Byna altyd het dit gebeur dat die afgesonderde deel homself in die geskiedenis vasgelaai en voortgeplant het, en selfs nou nog vind 'n mens met name in Asië, kerklike groep wat uit 'n tydelike geskil voortgekom, hulle reeds 14 eue lank in 'n afsonderlike posisie bly handhaaf het. (Die was die posisie in 1911. Sederdiens het hierin groot veranderinge gekom — Red.)

## Geografiese en historiese faktore

Vir so 'n opdeling van die Kerk het elke grond ontbreek. In die natuurlike lewe van die volke is verskillende gewens wat nie weggesyfer kan word

**Want net soos die liggaam een is en baie lede het, en al die lede van die een liggaam, al is hulle baie, een liggaam is, so ook Christus. — I Kor. 12 : 12.**

Die eenheid van Christus se Kerk op aarde is en bly die Christelike ideaal wat deur die eenheid van die mistieke liggaam vereis word. Nie asof die gevolg hiervan 'n strak en streng eenvormigheid in elke lewensuiting reël sou moet wees nie. Daar is intendeel geen rede denkbaar waarom ook die kerk se lewe hom nie sou leen vir die aanpassing aan die onderskeie volksaard nie. Hierdie feit maak dit vir die Kerk moontlik om tot die hart van 'n volk deur te dring, om so uit die hart van die volk die kerklike lewensuiting te laat opkom.

nie en wat allesins reg van bestaan het. Hierdie verskil hang saam met die aard van die land van inwoning, met die klimaat wat in so 'n land hoers, met die rykdom of die armoede van sy bodem, met sy ligging aan die see of in die binneland, met die oppervlakte van die land of sy ongelykhede in hoog bergstreke, kortom met die hele naseleentheid wat so 'n land vir die ontwikkeling van die volkskarakter aan gebied het. Hierdeur het die menslike lewe sowel na sy liggaamlike as geestelike kant, in die onderskeie landstreke 'n eie plooï ontvang; hierdie eienskappe wat in die loop van die geslagte steeds vaster gegroeï het. Daar het 'n ander uitdrukking op die gelaat gekom. 'n Verandering in geslagten liggaamsbou, wysigings in tint en kleur selfs, en in saamhang hiermee het by die een meer die verstand, by die ander meer die gemoed en die verbeelding ontwikkel, terwyl by 'n ander groep die fyngenoegiger senuweelwe en die sinlike neiging gegroeï het. Die mens het mens gebly, maar 'n Bantoe-neger het ten slotte tog 'n heeltemal ander mens as 'n Skot of Sweed geword, sowel uiterlik as innerlik. En vir al hierdie onderskeidings en nuwe formasies was daar redes omdat hierdie onderskeidings en variasies opgekom het uit gegevens wat nie alleen in die skepping van die mens en in die geslindheid van die aarde waarop hy geplaas is, maar ook in die verhouding van die bepaalde grondgebied tot die son en maan voorhanden was.

In die lewe van die Kerk was dit heeltemal anders. Die Kerk het geen nuwe lewe voortgebring nie, in dié sin dat daar 'n geheel ander skepping op 'n heeltemal ander aard ontstaan het nie, maar dit het alleen die herskeping van die bestaande daargestel. Die Kerk het en moes optree onder 'n sterk verdeelde mensheid en moes dien ten gevolge ingaan en indring in die variasies wat hierdie verskil tussen volk en volk opgelewer het, soos dit dan ook aanstands geblyk het. Die kerk het hom naamlik by die Joodse lewe op 'n ander manier aangepas as by die Grieks-Romeinse. Maar in daardie lewe van die volke het sy wese nie verskuil gelê nie. Daar was geen enkele kiem van natuurlike verdeeldheid aanwezig nie. Veelvormig soos die lewe van die wêreld was, sou ook die vorm van hierdie optrede moes wees maar in die veelvormige aanpassing het die Kerk aan die wêreld 'n hoë geestelike eenheidslewe in geloof, hoop en liefde besorg.

## Wêreld se verskeidenheid verdring Kerk se eenheid

Op dié wyse was die gevareerde vorm van optrede bykomstig terwyl die eenheid opgesluit gelê het in die wese van wat die Kerk aan die wêreld gebring het. Die Kerk se rykdom aan vorms sou uit dié vormrykdom van die

wêreld opkom, maar in duardie rykgevormde lewe sou dit aan die wêreld een beginsel, een rigting, een bedoeling aanbring, en sou die Kerk homself as eenheid in die ryk variasies van die volkslewe handhaaf.

Dit het huis nie gebeur nie. Wat bykomstig moes bly is dikwels as hoofsaak opgerap en die wese in sy eenheid is aan die verskil in vorm opgeoffert. Die eie "ek" van die volke het te sterk op die voorgrond getree, terwyl Christus wat as Koning Sy eenheid as stempel op die hele lewe van die Kerk moes druk, teruggedring is. Die verskeidenheid in die lewe van die wêreld het die eenheid wat in Christus gerus het, vernietig.

Hierdeur eenmalig verdeel, is daar na allerlei vaste kerkgroeppe gevorm. Oor en weer is daar teenoor mekaar vaste standpunte ingeneem. En omdat die standpunte het die Kerke in belydenis, reëlling en erediens, iedereen van sy kant, met opset dit op die voorgrond geskuwe, wat aan sy eie lewensaard die beste beantwoord het en wat die beste met die eie bestaanswese gestrook het. Eensydig is daar in een enkele uiting van die Christelike lewe krag gesoek in plaas dat alle krakte van die Christelike lewe saamgesmelt is. So is die harmonie verbreek. Die eweredigheid is uit hulle verband gevruk. En die droewige uitkom is dat daar nie alleen vir die een Kerk van Christus onderskeie groeppe van Kerke opgetree het nie, maar ook dat dikwels die Christelike lewe self skade gelei het, en nie selde in 'n heeltemal eensydige vervalsing ondergaan het nie. Hierdeur het dit wat in homself onuitputlik ryk was, verarm. Die volle krag van die optrede van die Christelike Kerk in die wêreld is gebreek.

In plaas van die indringing allerweil in die wêreld deur die Kerk waardoor dit die wêreldlewe sou kon seën en beheers, het mens veleer gesien hoe die gees van die wêreld die Kerk binnekgedring het om dit innerlik te verswak. Die geskiedenis bewys dan ook dat daar geen enkel sonde in die Christenheid so bitter gestraf is as huis die verdeling en splitsing van dit wat in Christus een moes gebly het. Almal suamverbind in die ongestoorde en ongebroke eenheid sou die Koningskap van Christus in al sy glorie kon laat uitstaan. Die hoëpriesterlike gebed wat vir ons in Joh. 17 bewaar gebly het, is en bly die plegtige en sielsaangrypende aanklak van Christus teen sy Kerk solank laasgenoemde in sy verdeelheid en gesplitsheid volhard.

## Pogings om herstel van eenheid

Dit is dan ook begrypplik dat telkens weer 'n aandrang opgekom het om die geskonde eenheid te herstel en die bres weer toe te bou. Die vervolging het hierdie strewe begunstig.

Juis in die tye toe die vervolging van die heidendom op sy skerpste was, het die eenheid van die Kerk op sy beste bewaar gebly, of is daar altans teen die splitsingmanie op sy besie wal gevolg. Ook daarna is die pogings telkens hernau, om wat in sy verdeling uiteengeval het tot sy oorspronklike eenheid terug te lei. Pogings in hierdie rigting is aangewend op die groot konsilie, en hierdie konsilie het dikwels in dié oopsig metterdaad blywende vrug gedra. Op die konsilie is tot ooreenstemming gekom oor die grondslag en die hoofsaak van wat die Kerk van Christus bly en moet wees. Die geloofseenheid wat nou nog by alle verskil gemeenskaplik is by die groot Christengroep teenoor die wêreld, is 'n heilige vrug wat ons van hierdie konsilie toegeval het. Selfs die Apostels, so word nasmylik staande gehou, sou reeds vir so 'n geloofseenheid die initiatief geneem het deur die opstelling van die sogenaamde Apostoliese geloofsbelydenis in die bekende Twaalf Artikels, en al was dit 'n waarskynlikheid dat hierdie geloofsbelydenis eers later in sy teenwoordige vorm aan die woord gekom het, tog belet niks om om aan te neem dat die Apostels reeds die noodsaaklikheid van die vaststelling van so 'n gemeenskaplike grondslag ingesien het. In elk geval bly die feit vaststaan dat twaalf Geloofartikels nog altyd die begste band bly wat al die groot Christelike kerkgroeppe saam verenig. Maar hierby is nie holt gevoeg nie. Die Kerke wou ook in die regering, in die uitgewerkte belydenis, in die erediens en byna in elke lewensuiting van die Kerk al meer 'n bepaalde eenheid van lewensvorms vastel.

Hierin het hulle te ver gegaan. Om die eenheid beter te verseker, is die natuurlike verskeidenheid wat in die verskil van die volke haar reg van bestaan gevind het, onder die ban geplaas. Die eenheid van wese, so is geredeneer, het eenheid van lewensvorm vereis, en ons weet tot welke uiterstes hierdie strewe langsamerhand onder drouslike bewind geleei het. 'n Strewie het hierin tot uitdrukking gekom wat, hoe mooi en goed bedoel dit ook mag wees, in homself sy doel verbygesket en eenydig oordryf het, en huis daardeur het daar 'n botsing ontstaan met die natuur van die volkerele wêreld wat hom die swye nie last ople het nie.

Hierdie gedwonge eenheidsvorm van die Kerk (die pouslike) het natuurlik die stempel van 'n bepaalde volkgroep gedra en wel dié van Suid-Europa. As kerktaal is Latyn ingevoer. Die oud-Romeinse kerkdrag het kerklike gewaad geword, en die suidelike vorm van erediens is toegepas. En dit nie omdat die bedoeling was om geweld te wil pleeg teenoor die ander volke nie, maar omdat dit nou eenmal ondenkbaar was, om, hoe ook, een vorm te vind wat nie aan 'n bepaalde uitgang van die lewe van een bepaalde volkgroep ontleen was nie. Een neutrale vorm was hiermee onbestaanbaar. Elke vorm wat 'n mens yk, het vanzelf 'n bepaalde karakter gedra en 'n tipe vertoon wat aan 'n bepaalde volkgroep ontleen was. En huis dit het meegebring dat botsing met die lewensuitings van ander volkgroepes nie kon uitbly nie.

## Christelike eenheid is nie eenvormigheid

Christus is geen Romaanse, is geen Slaviese, is geen Germaanse Koning nie. Hy is Koning van die mensheid, Koning oor die hele wêreld, en elke poging om sy sigbare kerk op aarde in een uitsluitende vorm te

laat optree, het aan die algemene karakter van Christus se Koningskap afbreuk gedoen. Die uitkoms het dan ook geleer dat die Slawiese volke die eerste was om 'n weg te kies wat gedeeltelik eie aan homself was, en dat al gou ook die Germaanse volke 'n eie vorm vir hulle belydenis van die Christelike godsdienst gesoek het.

Al moet erken word dat die groot skisma en net so die Reformasie uit geestelike motief opgekom het, het daar tog aan beide ook 'n etnologiese motief ten grondslag gelê.

Die vorm waarin die kerklike weesse homself beliggaam het, het aan die behoeftes van die Romaanse en Keltiese volke voldoen, maar het die behoeftes van die mistieke gemoed van die Slawe en van die sterker selfbewussyn van die Germaanse volke onbevredig gelaat. Die geskiedenis bewys dan ook hoe die grens tussen hierdie drie groot kerkgroeppe hulso, in die algemeen geneem, volgens die ligging van die volke afgabaken het.

Die groot „Ortodokse kerk“ vind sy steunpunt wel ook in die Griekse, maar ook veral in die Slawiese wêreld, by die Reformasie-kerke onder die Germaanse volke sowel in Europa as in Amerika. En dit is alleen die Romaanse en Keltiese volke wat die hoofgroep vorm vir die kerkvorm wat hom in die Middeleeue ontwikkel het nie, en dit sowel in Nederland as elders. Elkeen van hierdie kerkgroeppe beslaan 'n eie etnologiese terrein, wel met inbuiging van die grenslyn en met die natuurlike gebondenheid aan oorhelyfsels van die Middel-eeuse kerk aan

verlede, maar dan tog só dat, van die wêreldkaart afgelees, sowel in Europa en Amerika as in Asië die drie hoofgroeppe van kerke hulle indeel volgens die etnologiese verskeidenheid. Hieruit kan die verskynsel verklaar word dat die Grieks-ortodoxe kerk nie in Duitsland en ook nie in die Suidelike veld gewen het nie en dat op dieselfde wyse dié Reformasie ook nie onder die Slawiese, die Domaanse en Keltiese volke ingang gevind het nie. Wel is daar deur elk van hierdie hoofgroeppe pogings aangewend om op mekaar se terrein propaganda te maak, maar nog in Spanje nog in Portugal nog in Italië kon die Reformasie wortel skiet. Die vorm, deur die Reformasie aan die kerklike lewe gegee, het volkere wat daar gewoon het, nie toegespreek nie.

Ook die pogings wat later aangewend is om in dié lande vaste voet te verrry, al het hulle enkele persone vir hulle standpunt gewen, het vir die volk as volk steeds misluk. Alleen die Rooms-Katolieke kerk het daarin geslaag om onder die Slawe, Pole, Boheme, die Germane in Beiere en Duits-Oostenryk, gedeeltelik ook in België en in ons land homself te handhaaf maar dit het hom nie geluk om deur nuwe propaganda verder uit te brei nie of nuwe proseliete te wen nie. Die Rooms-Katolieke kerk se propaganda by indiwidue het geluk maar nie by die volk in sy geheel nie.

## Waarom pogings tot eenheid misluk het

Juis hieruit moet dit dan ook verklaar word dat alle aangewende pogings om hierdie kerkgroep weer tot eenheid te bring so droewig misluk het. By hierdie pogings het altyd vooropgegaan die strewe om vir alle groepe saam 'n nuwe eenheidsvorm te vind.

Elke groep sou dan dit wat eie by hom is, moes prysgee, en almal saam sou dan tot 'n nuwe eenheidsvorm moes kom. Vereers was dit volstrekkend ondenkbaar om op so 'n wyse 'n eenheidsvorm te skep. Indien dit wel saamgeflass sou kon word, sou dit nie op die lewe gepas het nie. Ook was die nawerking van die lewe te magtig om toe te laat dat wat as resultaat van die verlede in die eie groep verkry was, los te laat.

Eers dan sou sekere samewerking van alle groepen denkbaar gewees het as elke groep in hoofsak sy eie lewensvorm kon laat bestendig en daarna 'n konsilie sou kon laat saamstel uit afgevaardigdes van elk van hierdie groepe.

So 'n konsilie sou hom dan kon bepaal tot die behandeling van dit wat by alle groepen gemeenskaplik was en van dit wat tot die afwering dien van gevare, vir almal saam 'n bedreiging van die kant van die wêreld. Hierteen sou natuurlik die presensie van die Rooms-Katolieke kerk ingaan, in sover laasgenoemde hom as die enigste kerk beskou en die roeping sou hê om oor die hele wêreld die lot van die kerk te reël. Nog 'n stremming vir die deurwerking van die gedagte van 'n konsilie is die herinnering van die kant van die Slawe en Germane aan wat in die verlede deurworstel is in tye van botsing. In die worsteling om tot 'n selfstandige bestaan te kom, is daar oor en weer 'n absolute, gevestigde teenstelling bestendig wat die betreklike bestaansreg van elke ander groep geloën het en wat meegebring het dat oor en weer onderling die hardste verwytte mekaar toegeslinger is. Onderling het daar dikwels bloedige vervolgings ontstaan. Dit het tot gevolg gehad dat alleen 'n nuwe vervolging van die kant van die wêreld teen alle Christene net so fel en blodig soos in die vroegste Christelike tydvak, die Kerke, bewus van die gemeenskaplike gevaar, missien weer blymekar sou kon bring, d.w.s. kerke wat tans nie alleen principieel geskei is nie, maar wat ook in die verlede skerp teenoor mekaar gestaan het.

Iets van die drang na eenheid neem 'n mens waar by die besef wat al meer en meer veld wen dat al wie Christus bely, afgesien van sy kerkverbintenis op sosiale en staatkundige gebied, saam kan en moet werk om die algehele ontkerstening van die maatskappy en die staat te voorkom. Dit het enigsins die uitbanning wat Christene mekaar toegeslinger het, verbreek, en dit is nie te voorspel nie tot watter toenadering dit sou kon lei as die gemeenskaplike gevaar ernstige afmetings sou aanneem nie, as Christene opnuut verplig word om saam weer soos vroeër hulle belydenis met hulle lewe te moet verseel.

Juis daarom moet hierdie proses heeltemal aan homself oorgelaat word. Elke kunsmatige poging om hierdie nouere aansluiting te bereik bring ons nie nader aan die doel nie maar voor ons steeds verder daarvan af.

## Ons huidige kerklike lewe — en dié van die eerste eeu

Op nog 'n ander motief wat op die kerklike lewe inwerk, moet hierby die aandag gevestig word, en veral van Protestantse kant behoort dit nie uit die oog verloor te word nie. Al te maklik is mense in ons kringe geneig om huile in te beeld dat ons kerklike lewe heeltemal ooreenkomen met die kerklike lewe, soos dit in die eerste eeu van die Christenheid bestaan het. Daar word hierby uitgegaan van die veronderstelling dat destyds 'n vaste stempel op die Christelike lewe gedruk is, dat hierdie een vaste stempel bestem was om deur die eeu heen te duur, dat die kerklike lewe in die loop van die eeu hom nie sou kon ontwikkel en vervorm nie, d.w.s. onbeweeglik in sy eerste oorspronklike stand sou moes bly standhou. Nou dit is aan die een kant 'n illusie en aan die ander kant 'n miskenning van die wet van ontwikkeling waaraan die hele menslike lewe onderwerp is. Die geraamte van ons kerkinrigting mag so na moontlik ooreenkomen met wat ons in die Nuwe Testament as beeld van die oudste kerk vind, tog sou dit 'n algehele miskenning van die aard en die toentertydse lewe van die Grieks-Romeinse wêreld wees as mense hulle verbeeld dat die toenmalige Christene hulle in ons kerklike lewe sou huisvoel. Menige lid van ons kerke tans sou hom erger daarteenoor as hy in die toentertydse kerke sy opwagting maak. Daar is geen stilstand nie. In wese bly die menslike lewe alle eeu deur een, maar in sy vorm van uiting ondergaan dit 'n gedurige en gestadige verandering. Ander behoeftes kom op. Ander vrae eis die aandag op en hou die geeste besig, ander teëstellings maak hulle verskynings waarteenoor die mens standpunt moet inneem. Die denkproses van die eeu-

tog dra sy vrug en lei tot meer helderheid en klarheid. Daarteenoor openbaar dwalinge wat eers weggeskuil het, hulle steeds duideliker aan ons bewussyn en eis hulle 'n geheel ander verweer van die kant van die kerk. Van 'n Sinode soos dié van Dordrecht sou mens in die eerste eeu van die Kerk niets begryp het nie. Die Sinode het opgekom uit die stryd van die geeste wat destyds aan die orde was. En so het ook die kerklike lewe verswak. Wie dink nog dat ons tans sou kon volstaan met 'n herhaling van die salte waaroer in die 17de eeu tot beslissing gekom is? Dit voel 'n mens dadelik aan as jy byvoorbeeld die roeping van die diakonaat soos destyds gesien is, vergelyk met die roeping wat tans tot die diakonaat uitgaan soos elkeen dit vandag ken.

Al wat waarlik lewe, maak 'n gestadige ontwikkeling deur, en 'n kerk, wat dit nie verstaan nie en daar nie mee saamgaan nie, verarm en versteen. Nooit mag dit wat eenmaal gewen is, weer prysgegee word nie, maar daar moet ook steeds meer gewen en verower word.

## Die Ware Eenheid

Daar bly vir ons daarom tans niets anders oor as om die toestand te aanvaar soos dit is, d.w.s. dat die mistieliggaaam van Christus hom openbaar in die plaaslike kerke, en dat al hierdie plaaslike kerke saam die een sigbare kerk van Christus op aarde vorm, maar sonder dat die kerk geweet het om vir homself 'n orgaan te skep waardeur dit namens almal en vir almal kon praat. Niemand van ons sal beweer dat alleen die Gereformeerdes Christene is nie. Ons erken eerder dat die hele Europa en Amerika Christelike wêrdele is en dat ook in die lande waar ons Gereformeerde belydenis nooit deurgebring het nie daar tog ook Christene woon wat plaaslik in 'n eie kerkvorm verenig is.

Die vorm van baie van die kerke mag gebrekkig, baie gebrekkig wees, tog het Christus ook in die ander lan-

de sy eie mense wat hy met sy bloed-gekoop het, mistiek in geestelike liefde aan hom verbind met die gevolg dat die mistieke liggaam van die Here ook daar verteenwoordig is. Maar huisves daarom dan een groep van kerke, watter ookal, nooit die Kerk met uitsluiting van ander nie? Die Kerk van Christus op aarde moet alles omvat wat hierby behoort. Die één Kerk is daar wel, maar dit kom tegniek nie in een organisasie tot openbaring nie. Een landskerk is ewemin die Kerk. Een nasionale Kerk is 'n kontradiksie want daar is in Christus geen Jood of Griek of Barbaar nie, maar almal is in hom een. Dit kan wel gebeur dat die plaaslike kerke in 'n bepaalde land vanweë die taal saamwerk op 'n wyse soos hulle dit nie kan doen met kerke in ander lande nie. Maar nooit mag die waarheid losgelaat word nie, 'n waarheid waaraan ook ons Sinode van Dordrecht vasgehou het, dat alleen same-werking ook met buitelandse kerke die eenheid van Christus se kerke tot sy reg laat kom.

Ons vaders het wel van 'n nasionale sinode gepraat maar nie van 'n nasionale kerk nie. Die nasionale Sinode van die Gereformeerde kerke in Nederland is met opset so genoem om dit te onderskei van die provinsiale sinodes. Die fout om die gesamentlike kerke in enige land tot een kerk anders as die nasionale kerk te verenig, is alleen in Engeland begaan, waar die Church of England homself as die kerk van Christus aangedien het. Van ons kant daaranteen is daar wel sprake van die nasionale Sinode mits dit altyd van die Sinode geld, dit wil sê, van die samekoms van die plaaslike kerke (meervoud) in Nederland. Wie nie hieraan vashou nie, verbreek die Koningskap van Christus oor sy hele kerk op aarde.

\* Hierdie insiggewende stuk wat handel oor die eenheid en verscheidenheid in die kerk uit die pen van wyle dr. A. Kuypers, het oorspronklik in Nederlands verskyn in PRO REGE, Deel II (J. H. Kok, Kampen 1911). In die lig van ons kerklike situasie in Suid-Afrika kry dit 'n verskerpte betekenis.

\* Continued from page 1

## ADDRESS

### TO THE NATION

For today we are still given our choice: today we do know the Right; today we can still choose Right or Wrong. The future is God's secret: today is ours, and what you decide will shape your future, and your children's future for ever.

### Obedience to God the only way

We are, in many ways, scattered and disunited; we are captives of unseen forces. Today God is offering us our freedom. A great inheritance awaits us, ours by right, but ours only if we prove ourselves worthy. However inadequate we may feel, God himself is ready to help us to qualify. There is one way for us into this freedom, this inheritance: it is the way of obedience to God, which means the way of choosing Right and fighting Wrong. Far from being impractical, this is the way, and the only way, to thriving industry, to good crafts—manship, to prosperous agriculture, to united and dynamic families. That nightmare vision of the future need never be: instead, there can be a land over which God himself can rejoice—if and only if, you will make this great acceptance of God's plan, and give yourself heart and soul to making that plan, and that plan alone, come true.

This answer to the world's dire need, this way out and way ahead, is not abstract, is not remote. It is not beyond our reach in a high stratosphere to be attained only in some distant age of super-science. It is not

aid from afar, either financial or military. No, our plight is immediate, and our resource is as immediate, for it is within each one of us. It depends on what the mind of each person here thinks, what the heart of each resolves, and what the hands of each will do.

So, very simply, the choices are set before you: on the one hand, life and good; on the other hand, wrong and death. Today comes the challenge: give God your allegiance, make his law your law, take his plan for your plan. That way, and that way alone, will lead to life worth living, to true well-being, to prosperity and ever-increasing possibilities beyond our present dreams.

You are, of course, able to turn away. You can refuse to listen. You can continue to give your allegiance to very different ideals, or to none. But you cannot any more say that you did not realise the issues. The universe itself is listening, is watching, that universe following through untold aeons of the past and into untold aeons of the future the laws of creative force, the laws of God. This universe bears witness that before you is this choice: blessing or destruction: life or death. Choose Life, that you, and your children after you, may live.

(See Deuteronomy chapters 29 and 30.)

\* Adapted from a chapter which appeared in MIRROR TO TODAY (with acknowledgements to the S.C.M. Press).

Prof. A. van Selms

# Gevaarlike woorde

## II. „BONT” IN DIE NUWE TESTAMENT

Die titel van hierdie bydrae wek miskien valse verwagtings by ons vroulike lezers; hulle dink by „bont” aan lieflike sake soos mantels van wesel of karakoel. Vir hulle eggenotes is dit dus stellig ook 'n „gevaarlike woorde” en die saak wat daardeur aangedui is kom ook in die Bybel voor.

Die oudste kleding waarvan die Heilige Skrif melding maak is, soos elkeen weet, boomblare, insonderheid van die vyeboom; weldra is dit egter deur die tussenkom van die Here, vervang met „rokke van vel” (Gen. 3 : 21), wat vermoedelik van skape afkomstig was en dus nou verwant is aan ons karakoelmanrels. Bontmantels is dus nie 'n uiting van hedendaagse weeldesug nie, maar een van die primitiefste soorte van kleding.

Maar ons bedoel hier nie „bont” as selfstandige naamwoord nie, maar „bont” as adjektivum. En dit is op 'n totaal ander, en veel ernstiger manier 'n geværlike woorde. Ons dink aan uitdrukkinge soos „bont partytjies”, en nou verdwyn die glimlag op ons lippe. Nou dink ons aan een van die ergste sosiale vergrypte wuaarsaan 'n mens hom in ons samelewning kan skuldig maak... Met partytjies, so dink die publieke opinie, is niks verkeerd nie:

„Afrikaners is plesierig...  
Hulle hou van partytjies.”

Niks verkeerd nie — solank dit geen bont partytjies word nie. Deur die omstandighede het 'n opmerkenswaardige verskuwing in die sedelike waardering plaasgevind: wangedrag op 'n partytjie word wel afgekeur, maar dit word tog nie so swaar veroordeel as die hou van 'n bont partytjie waar niemand homself te buite gaan nie.

Maar die sedelike ordeel van 'n Christen behoort in die eerste plek deur die Woord van God beheers te word. As 'n teoloog woorde in goedkeurende of afkeurende sin gebruik, behoort hy homself af te vra: Is my woordgebruik in ooreenstemming met dié van die Heilige Skrif? Anders stig hy 'n teenstrydigheid tussen die Woord van God en die woorde van die prediking, en dit moet hy vermy. 'n Teoloog ken geen groter eer as dat hy die titel „Bybels teoloog” ten volle kan dra nie.

### Die woorde „Bont” in die N.T.

Ons gaan dus op soek na die woorde „bont” in die Nuwe Testament. Al het ek geen volledige konkordansie van die Afrikaanse vertaling tot my beskikking nie, glo ek tog dat ek wel kan sê dat u daardie woorde nie in u Nuwe Testament sal vind nie. Dit word egter helemaal ander as u weet, dat „bont” in die Grieks „poikilos” is en u 'n Graecus vra, waar daardie woorde in die Nuwe Testament voorkom. Hy kan u elf of twaalf tekste noem. Daar is in die eerste plek drie verse uit die Evangelies, Matth. 4 : 24; Mark. 1 : 34 en Luk. 4 : 40, waar in die vertaling van „allerhande siektes” gepraat word, maar die Grieks die gemelde woorde vir „bont” het. Ha! dink u, daar is „bont” dus 'n sieklike verskynsel! Die Bybel toon ons hoe Jesus daarvan 'n einde gemaak het!

Inderdaad. En u indruk, dat „bont” ook in die Bybel iets ongunstigs aandui, kan nog versterk word deur die twee plekke, waar van „allerhande (eintlik: „bont”) begeerlikhede gepraat word, naamlik II Tim. 3 : 6 en Titus 3 : 3. Ons hoef werklik nie te betoog dat daardie „bont” begeerlikhede deur die Heilige Skrif afgekeur en onder die ordeel geplaas word nie. Daarby kom nog dat Hebr. 13 : 9 waarsku teen „allerhande (eintlik weer: „bont”) en vreemde leringe”. Nou weet u dit wel, dink u, want ons het hiermee bewyspleke genoeg?

Hierdie is die tweede in 'n reeks van kort, indringende artikels oor „Gevaarlike Woorde” in die Heilige Skrif van die hand van prof. A. van Selms van die Universiteit van Pretoria.

Nee, ons behoort met ons onderzoek deur te gaan, totdat ons die laaste (elfde of twaalfde) geval bekijk het. En nou wys ek u op I Petr. 1 : 6, waar die apostel spreek van „bedroef onder allerhande (u weet dit nou wel: „bont”) beproewinge”. Wel, dit lyk of

dit op een lyn staan met daardie begeerlikhede en ander afkeurenswaardige dinge, maar laat ons ons nie vergis nie die apostel skryf: „... al word julle nou — as dit nodig is — 'n kort tydjie bedroef onder allerhande beproewinge, sodat die beproefdheid van julle geloof... bevind mag word tot lof en eer en heerlikheid...” Dus hierdie „bont” dinge, die beproewinge, is volgens die woorde van God nodig en lei tot heerlikheid. Dieselfde vind ons in Jak. 1 : 2: „Ag dit louter vreugde, my broders, wanneer julle in allerhande („bont”) versoeking val.” Tussen hakies, die woorde wat hier met „versoekinge” weergegee is, is dieselfde as wat in I Petr. 1 : 6 soos ons gesien het met „beproewinge” vertaal is. Dit gaan oor dieselfde ding, en Jakobus ag dit louter vreugde.

### „Bont” as beskrywing van die werk van God

Nou kom ons dus met ons waardering van die woorde „bont” in 'n ander rigting, en daarin kan ons nog 'n hele ent verder gaan. Hebr. 2 : 4 spreek van „allerhande kragtige dade” waardoor God sy woorde betuig het. Die woorde „bont” is dus ook 'n beskrywing van die werk van God in die heilsgeskiedenis, die karakteristiek van sy dade na die wetgewing op die Sinai tot die uitstorting van die Heilige Gees. Besef u dat u maar liever 'n bietjie versaig moet word met daardie woorde „bont”?

Veral omdat daar nog meer is. In I Petr. 4 : 10 lees u van „die veelvuldige genade van God”. Dit is daardie genade, waardeur ons hoop om salig te word. Die Grieks sê: „die bont ge-

nade” van God. Dit is veelkleurig soos die reënboog, een van die eerste tekens van God se vergewende sondaarslike. Dit is nie eenvormig en eenkleurig nie, dit is bont: elkeen kan daarin sy eie kleur vind. En in dieselfde brief van Petrus, in 3 : 7 word gepraat van „mede-erfgename van die genade van die lewe”, en hier het 'n aantal teksgetuies, waaronder baie belangrike, 'n woorde ekstra, die woorde „bont” soos in 4 : 10. Vandaar dat ek aan die begin van elf of twaalf tekste gepraat het; dit hang maar net daarvan af, watter handskrif ons volg.

Tenslotte wys ons op Efes. 3 : 10, waar gesê word dat die gemeente van die Here die taak het om „die menigvuldige wysheid van God bekend te maak”. Ook hier, u verstaan dit wel, gebruik die apostel die woorde poikilos: die bont wysheid van God.

Nou kan ons die rekening opmaak. Bont is siektes, begeerlikhede en valse leringe; maar bont is ook die beproewinge, wat in die hand van God tot seën strek (soos trouens ook die siektes); bont is die heilsdade van God, bont is sy genade, en bont is sy wysheid, waaruit alles voortvloei waarna ons as sondars ons hoop kan stel.

Nou moet ons ook nog van „bont” in die boeke van die Ou Testament praat; maar dit bewaar ons vir 'n volgende keer. Wat ons tot nou toe gesien het, is tog wel voldoende om u tot versigtigheid te maan by die gebruik van hierdie geværlike woorde. Want as die wysheid en die genade en die dade van God „bont” is, wie is ons dan dat ons daardie woorde in 'n smadelike betekenis sou gebruik? Of wil ons die ywer van die Here opwek? Is ons misken sterker as Hy?

Prof. A. S. Geyser

# KOMMUNISME EN CHRISTENDOM

Op sterkte van die verhaal in Handelinge 2 : 44 - 47 en 4 : 32 - 5 : 11 wonder baie mense of Kommunisme nie dalk deur die vroegste Christelike Kerk geskep is nie. Daar staan naamlik dat daardie Jerusalemse Christene al hul goed verkoop het en die opbrengs in gemeenskap gebruik het. En dit, so reken sommige, is mos loutere Kommunisme. Die ontstaan, werk en uiteinde van hierdie vroegste christelike „Kommunisme” bied 'n uiters interessante verhaal maar ook die oortuigende bewys dat dit alles behalwe kommunisties was. Om mee te begin, gemeenskap van goedere is nie vir die eerste maal in die geskiedenis deur die Jerusalemse Kerk beoefen nie.

Uit die Dooie See handskrifte blyk dat ruim 'n eeu voor die koms van die Christendom bepaalde gemeenskappe in die Judese woestyn al uit gemeenskaplike besit geleef het. Dergelike en miskien dieselfde groeps, bekend as die Essene word deur die ouhistorici, Flavius Josephus en Plinius Senior, beskryf.

Te ordeel aan Jesus se voorwaarde aan die ryk jongman dat hy al sy goed moes verkoop as hy dissipel wou word, en aan die feit dat die dissipels 'n gemeenskaplike beurs gehad het onder die sorg van ene Judas Iskariot, het Jesus en sy eerste dissipels ook uit gemeenskaplike besit geleef. Daar is sterk aanduidings dat Johannes die Doper en sy dissipels netso geleef het.

### Niks nuuts

Gemeenskaplike besitting was dus niks nuuts toe die gemeente van Jerusalem kort na Pinkster in die jaar 29 n.C. ontstaan het nie. Met die Dooie See sektes en die Essene het hul ook gedeel die motief vir hul beoefening van die gemeenskap van goedere. Soos die eersgenoemde die koms van die Messias en die einde van die wêrelf verwag het, so het die eerste geslag van Christene verwag dat Christus nog tydens hul lewenstyd sal terugkeer en die koninkryk van God sal oprig. Wêreldeinde en wêreldgerig maak aardee besit waarde- en betekenisloos.

Hierin lê die eerste en fundamentele onderskeid tussen Christendom en Kommunisme. Kommunisme, of om hom by sy filosofiese naam te noem, die historiese materialisme, beoefen ge-

meenskap van goedere, nie uit 'n minagtig van die materiële dinge nie, maar uit 'n oorskattig en verabsolutering daarvan. Verder, Kommunisme anders as die eerste Christelike Kerk, verwag geen wederkoms van Christus nie. Inteendeel, hy verwerp alle geloof aan God en sy ordeel en aan die wederkoms.

### Onderskeid

Tussen die twee is daar ook nog hierdie onderskeid: Uit die verhaal van Handelinge blyk dat daardie ou Christene uit vrye wil hul goederegemeenskap beoefen het. Niemand het hulle gedwing nie. Hulle het dit gedoen uit liefde vir Christus en hul naastes. In Kommunisme is niks vrywillig nie. Alles is dwang en die dryfveer van die dwang is nie liefde nie, maar haat teen die besittende klasse. Die Jerusalemse Christene het gesê: Al wat myne is, is joune. Die Kommunis sê: Al wat joune is, is myne.

Mens lees in Handelinge 2 : 47 dat daardie vroeë christelike goederegemeenskap „God geprys het.” Om God te prys is nie kommunistiese beleid nie. Oor die eerste Christene lees mens verder dat God daagliks tot hul aantal bygevoeg het. Kommuniste wag nie op God om hul invloedsfeer uit te brei nie. Hul doen dit self met rewolusie, intimidasie en propaganda.

Uit Handelinge blyk verder dat daardie ou Christene beoog het om God en hul naaste te dien. Kommuniste dien net hul eie belang en dit selfs met dwangarbeid. As eiebelang 'n motief vir goederegemeenskap was, dan het die Kerk te Jerusalem wel twee Kom-

muniste gehad; hulle name was Annas en Saffira.

So verheue as wat die oognerke en Christusverwagting van hierdie Christelike gemeenskap van goedere was, so kommerol was sy uiteinde. Hul verval in armastigheid word nie direk vermeld nie, maar heel taktvol verwys Paulus in Galate 2 : 10; I Korintiërs 16 : 1-3; II Korintiërs 8 en 9, en in Romeine 15 : 26-27 na die nood van die „armes in Jerusalem”. Oral, in al sy gemeentes en ook daarbuite het hy self vir hulle noodleniging gekollekteer en andere gevra om hom in die taak te help.

Gemeenskap van goedere het op Christelike bodem nie wortel geskei nie. En na hierdie eerste en enigste eksperiment is dit nie weer herhaal nie. Tot die mislukking het bygedra dat na die jaar 50, die verwagting van die wederkoms van Christus nog in die leeftyd van die eerste geslag van Christene, begin verflou het. Daarmee het die oorspronklike aanleiding vir 'n kerklike gemeenskap van goedere verdwyn.

### Niks in gemeen

In ieder geval, so goed en so sleg as wat dit gevær het, met Kommunisme het hierdie eerste poging niks 'n gemeen gehad nie. Dit kon ook nie want in sy doelstellinge en sy werkmetode staan Christendom lynreg teenoor Kommunisme. Marx en sy volgelinge beoog 'n aardse gelukstaat deur omkering van die maatskappy; Jesus en sy dissipels beoog die vredestaat van God deur 'n kerkring van die Indiërs. Moscou stook rewolusie; die ket : wek op tot berou. Kommunisme els die klaslose staat as eerste voorwaarde vir die materiële heilstaat. Christus leer, „Soek eers die heerskappy van God en sy geregtigheid...” Kommunisme bou op vyf-jaarplanne en dwangproduksie; Christene vertrou op die voorsorg van die Almagtige God. Kommunisme propageer ideologie; Christendom predik geloof.

Christendom glo in die reg van die Universale God, Kommunisme in die reg van die wêreldproletariaat.

\* Oorgeneem uit „Insper” — Oktober 1963.

Rev. Clifford R. Welch\*

# THE GREAT EJECTMENT

As we commemorate the Tercentenary of the Great Ejection of 1662 nothing is clearer than that the ecumenical climate in which we meet to-day is sunnier and brighter than it was 300 years ago. This can be illustrated both from England and South Africa. In London the Chairman of the Congregational Union of England and Wales received an invitation to an honoured place in St. Paul's for the Tercentenary celebration of the Book of Common Prayer, and, what is just as remarkable, by comparison with 300 years ago, he accepted it.

In this country, earlier this year, a protest march of the citizens of Johannesburg numbering some 6,000 to 10,000 people against the General Laws Amendment Act was headed by the Provincial of the Community of the Resurrection and a Congregational Minister. 300 years ago they would have made strange bed-fellows.

This happier, and more irenic state of Church relationships is not however an excuse for us to be unmindful of the pit from which we were digged. For a Church to forget her history, is like a man neglecting his mother. We were all nurtured in the womb of the past and cradled in earlier centuries. And in any case historical literacy must be dispelled and a dialogue must take place between past and present if we are to contribute intelligently to discussions to-day between Churches. Indeed, what so many people fail to understand is just this: the tale told of 1662 is one that sets before us contemporary issues in this century, this country, and every land.

## The year 1662

Just a glance then first at the skeleton of facts of the year 1662. The Act of Uniformity received Royal assent on 19th May 1662, and on or before St. Bartholomew's Day, 24th August, public assent had to be given by all clergymen, or they were ejected from their livings.

What, exactly, were the main requirements?

1. The re-ordination of all ministers who had not been episcopically ordained (and episcopacy had virtually ceased to function since 1643).
2. Unfeigned assent and consent to everything in the new Book of Common Prayer (but of this few clergy or ministers could obtain copies between 19th May and August 24th) though in fact it enjoined beliefs and practices which Puritans had been challenging for nearly a century.
3. An oath of canonical obedience.
4. A repudiation of the Solemn League and Covenant drawn up in 1643 by the Westminster Assembly.
5. A declaration that it is unlawful "upon any pretext whatsoever, to take up arms against the King". This last was, of course, inserted as a result of the Civil Wars and the restoration of King Charles II who, incidentally, had signed his name, in the Declaration of Breda 1660, to the promise that all "tender consciences" in the country should be granted religious freedom. That promise he never attempted to keep. — He was better at keeping mistresses, and lap dogs.

This Act of Uniformity was preceded by the Corporation Act of 1661 which excluded Dissenters from holding public office. Then, as soon as some 2,000 ministers who were ejected, and had no intention of abandoning their calling, or of conforming, the Conventicle Act (1664) was passed which forbade any person above the age of 16 years to attend any nonconformist meeting for worship at which more than five persons were present. Other discriminatory legislation (I don't need to interpret that phrase to this audience) has been linked with these under the title the Clarendon

Code. The name is taken from Edward Hyde, first Earl of Clarendon, who was Charles II's Lord Chancellor, and virtually head of the government.

It is not always appreciated that grim persecution followed for the next twenty-five years in many different ways. The well-to-do business men were fined so heavily it has been said the income from this source alone virtually kept the national economy solvent. This however did not prevent the folk from worshipping their God although they had to arrange secret meetings. There are many dramatic stories from this era. One preacher, for instance, was never seen by his congregation. They met in a barn, while the preacher addressed them from the loft above, lying on his stomach and talking through a hatch. When the government representatives appeared he would run along the loft into an adjacent house and out another way. One of the really objectionable blots on this period was the payments given to informers who reported to the authorities for a "handful of silver" people worshipping according to the Congregational pattern.

And so the rights of religious freedom that had been won by Oliver Cromwell and his Roundheads were lost overnight. One of the greatest lessons which South Africa can learn from this commemoration is that it took nearly 30 years for our fathers to secure even a limited toleration; it took one hundred and seventy years to secure basic civil rights; it took more than 200 years to secure anything like religious equality. New African States which proclaim they have obtained civil freedom just by booting out a Colonial Empire are proving with tedious monotony that freedom is a self-imposed discipline achieved by communities after years of a weeding-out process of prejudice, and the steady growth of tolerance with those with whom they disagree.

## False images of the Puritans

But to return to 1662, and all that I would wish to dispel from your minds the false image of the Puritans which is common to many unthinking people. Nothing could be further from the truth for instance than that the men who refused to conform were, or represented, a disorderly, ignorant rabble. On the contrary it is possible to give a long list of names of men who held high office in the academic world, such as the Vice-chancellor of Oxford University, the President of Magdalen College, Oxford, the President of St. John's College, Cambridge, the Provost of Eton, and so the list lengthens.

Even more false as an image of the Puritan is that which describes him as a person who finds no place for music and dancing in the Father's house when the prodigal returns; a man with no laughter, no joie de vivre, no delight in bodily beauty. Does not Sir Andrew Aguesheek in Shakespeare's Twelfth Night brag that if he thought Malvilio were a Puritan he'd beat him like a dog? This bitter, ignorant and still popular caricature is a travesty of the truth. Research is proving that the alleged Puritan attack on music and art as such, is a foolish legend. What then is the true picture of these people, and why have they been so cartooned and misrepresented?

The truth surely is that Puritanism then, and now, is disliked because of its challenge to the "natural man" in each one of us. Over 300 years ago there was published a Discourse Concerning Puritans which remarked: "In the mouth of a drunkard, he is a Puritan which refuseth his cups. In the mouth of a swearer, he which fears an oath. In the mouth of a libertine, he which makes any scruple of common sins. In the mouth of a rude soldier, he which wisheth the Scotch War at an end without blood". In short, to use modern terms, your Puritan is abstentious over strong drink, he avoids bad language, he is chaste, and he hates war. In other words his chief end is to glorify God, and he believed that the fear of the Lord is the beginning of wisdom. "Natural man" scorns all that to-day, just as much as he did 300 years ago. He doesn't want a deep, and intense religious experience now, any more than he has ever done.

The religious attitude of the "natural man", which his the average man, is too often to be found in another of Shakespeare's characters, Mistress Quickly. She is found describing Falstaff's delirium, "So he cried God, God three times. Now I, to comfort him bade him that he should not think of God. I hoped there was no need to trouble himself with any such thoughts yet". Our forefathers were regarded as a nuisance because that is precisely what they did — they troubled themselves about God at all times. To them daily life, with all its secular details, was a calling from God. Here is found that much misunderstood doctrine of the Priesthood of all believers — the idea that in his vocation as a cobbler or carpenter a man aims at perfection in his workmanship just as the man called to the Ministry also seeks to serve to his utmost.

Just as the French describe the seventeenth century as le grand siècle, the great century, thinking of figures such as Louis XIV, Cardinal Richelieu, Racine, Molière, etc., so with the British Commonwealth, the seventeenth century is our biggest. It opened with Shakespeare at his peak, and followed with Milton, Dryden, Defoe and Locke. But it is memorable above all else because Puritanism changed the face of both old England and New

England of the United States. Civil war made English government parliamentary and constitutional and the Act of Uniformity sealed in sacrifice the freedoms which had been won.

The shadows of discriminatory legislation darkened the sun for a season, but the light was there and could not be put out. In this century religion was one of the master passions of its sons, a lamp unto their feet, and a light unto their path. It was the driving force of their culture, and the expression, through all the tragic devotions, of the life of God bursting through the commonwealth like the refreshing buds from a wintry bough heralding the spring.

## The fruits of their sacrifice

But, to quote Zechariah 1 : 5 "Your fathers, where are they? And the prophets, do they live forever?" As we look around us can we see any sediment left behind from the stirring-up process of these memorable years? We can indeed. They live in the free institutions of the English speaking world which they did so much to establish, and indeed have only been established by the constant pressures of their successors down the 300 years. FOR THAT BEEN THE SECRET — never to throw up the sponge, never to give up the fight, never to lay down the sword. For the best part of 300 years we have struggled to achieve for the English speaking world the freedoms we now enjoy: and if they are not enjoyed by all peoples, and in every land, THE BELIEF IN THEM is so firmly planted that we know that ultimately they must burgeon and blossom, and their fruit be relished by every nation and race. Freedom of association, freedom of speech, freedom from fear itself. ALL spring from freedom to worship Almighty God as a congregation feels called by God himself to worship.

(To be Continued)

\* Rev. Clifford L. Welch is the Moderator of the Congregational Church for the Northern Cape, O.F.S., Transvaal and Rhodesia and this article was written in 1962 with a view to give members of other churches an insight into the history of the Congregational Church.

## Brieven van lezers

# Twee vorms van apartheid

Geagte Redakteur,

Daar is twee vorms van apartheid en al twee is deur God noodsaaklik geag. Daar is dan ten eerste die apartheid tussen gelowiges en ongelowiges, twee groepe wat uiteindelik deur 'n onoorbrugbare kloof geskei sal wees.

Die volk van God is wel 'n afgesonderde volk, maar hier nog verstrooi onder al die volke van die wêreld om daar tog as die sout van die aarde te kan dien. Omdat ons dan saam 'n nuwe volk vorm is gedwonge apartheid tussen gelowiges uit die bos, al is vrywillige apartheid tussen gelowiges met baie verskillende tale en agtergrond in hierdie bedeling goed te verstaan.

As hierdie verskille spontaan oorbrug kan word, dan is dit rede tot dankbaarheid. Petrus het die gedoen volgens Gal. 2 : 12, totdat bepaalde rasgenote (sommige van Jakobus af) gekom het en hy begin veins het en daarom deur Paulus openlik teëgestaan is omdat hy veroordeeld gestaan het.

Ook vandag staan baie kerklidmate deur gevinsheid duidelik veroordeel en is dit reg dat Pro Veritate dit onder ons aandag bring. Maar dan moet ons nie weier om die tweede vorm van apartheid ook raak te sien nie, wat deur die sondeval veroorsaak is. Die mens het vyandig geword teenoor sy naaste. En na Babel is die vyandskap ook nog uitgebrei van die enke-

ling na die groepsverband. Hulle wat 'n ander taal praat is deur daardie feit alleen reeds natuurlike vyande. God self het dus ook hierdie vorm van apartheid ingestel en om dit te wil ontken is idealistiese selfbedrog. En net so onwaar is dit om te beweer dat Christus die verbroke kommunikasie tussen die volke herstel het. Ons Here Jesus het dit slegs herstel vir die uitverkorenes uit al daardie volke.

Die koms van Christus het geen verandering in die verhouding tussen die volke onderling gehring nie. Soos dit in die begin van die skepping was is dit vandag nog en sal dit wees tot by die wederkoms, naamlik oorloë so gereeld soos die seisoene. Oorloë tussen die sogenaamde „Christelike“ nasies van die Weste staan daar baie in die geskiedenis opgeteken, terwyl hulle voorouers mekaar in stamoerloë probeer uitroei het in die tyd toe hulle nog as heidene bekend gestaan het.

**Algemene versoening 'n dwaalleer**

Christus het nie vir die hele wêreld gekom nie, maar vir hulle wat die Vader Hom uit die wêreld gegee het. Om die algemene versoening te preek is 'n gevarelike dwaalleer. As die mense sien dat die wêreld nie vir Christus aanneem nie, dan kom hulle tot die gevolgtrekking dat die Christendom misluk het. Dan word daar statistieke bygehaal om aan te toon dat die ander godsdienste baie meer

\* Vervolg op bladsy 8

• Vervolg van bladsy 7

## Twee vorms van apartheid

bekeerlinge maak as ons, dat selfs die komuniste se dissipels baie meer ywer aan die dag lê as die gemiddelde (volkskerk) Christen, dat daar in die tronke in verhouding baie meer Christene sit as humaniste ens. Waaragtige Christendom is nie 'n Godsdienst wat met ander godsdienste vergelyk kan word nie, dit is enig in sy soort en slegs vir klein groepies mense bedoel al vorm hulle tenslotte saam nog 'n ontefbare skare.

Nie elkeen kan 'n Christen word nie, maar elkeen kan wel 'n Mohammedaan of wat ook al word omdat daarvoor nie wedergeboorte nodig is nie.

Christene is broeders van mekaar omdat hulle harte wit gewas is in die bloed van die Lam. Die kleur van die vel maak in hierdie verband nie saak nie. 'n Nie-blanke Christen moet weet dat hy altyd in enige "blanke" kerk welkom is, al sou hy daar waarskynlik nooit gebruik van maak nie. Ons sien selfs dat Afrikaans- en Engelssprekende Christene vanweë die taalverskille maar by uitsondering in mekaar se kerke kom. Ek praat nou van Christene, en dit moet Pro Veritate altyd by sy ekumeniese strewe in gedagte hou, want u weet baie goed dat die tug in die verwêreldlike kerke van vandag so verslap is dat die ongereddes die meerderheid van die lidmate vorm. En daarom sal 'n ekumeniese strewe, wat vir Christus welgevallig is, tussen hierdie ongesuiwerde kerke nie suksesvol wees nie.

Daar sou nie langer drie "Afrikaanse" kerke wees nie indien elkeen van hulle ware kerk is soos deur die N.G.B. artikels 27—29 verduidelik word.

### Baie kerke en ware kerke

Daar is nie plek vir baie ware kerke nie, maar slegs vir een ware kerk. Waarby ek die eenheid dan nie sien in een algemene sinode vir die hele wêreld nie (wel 'n ekumeniese band) maar in die eenheid in die plaaslike gemeente en in die meerder vergaderings vir so ver as wat dit prakties uitvoerbaar is deur die beperkings van taalverskille, afstand en hanteerbaarheid.

Die een ware kerk kan dus op een plek uitsluitend meer as een gemeente bê as dit ter wille van die taalverskille is. En vandag nog sien ons dat die Afrikaners van gereformeerde belydenis in baie dorpe drie verskillende kerke het, wat dan nog dikwels in die "beter" deel van die dorp naby mekaar gebou is. Aan kerkvereniging in die toekoms word blykbaar glad nie gedink nie, want dan sou hulle hul kerkgeboue ten minste so ver uit mekaar gebou het dat hulle eendag vir drie gemeentes van een en dieselfde gereformeerde kerk gebruik kan word.

Ekumeniese verlangen moet nie deur die sinodes via die predikante by die lidmate ingegiet word nie, maar moet 'n spontane optrede van die Heilige Gees deur al die lidmate wees.

Van hierdie spontane aksie, wat vertraag geword het omdat die bestaande kerklike organe daar blykbaar afkerig van is of anders nie weet hoe om dit te hanteer nie, is Pro Veritate een van die eerste vrugte. Vir die onbekeerde en hulle wat dit nog nie so wil insien nie mag dat dan bitter vrugte wees, vir ons is dit soet. Maar dan moet Pro Veritate reguit koers hou en nie in die vaarwater van enige politieke party beland nie.

Die groot saak by toenadering tussen die kerke is dat ons weer waarlik kerk sal wees en nie langer oninteressante verenigings wat met mekaar wedywer om die meeste lidmate te trek of te behou deur die verwaarloosung van die tug nie. Indien slegs een van ons drie Afrikaanse kerke bereid is om in alle opsigte ware kerk te wees, dan sal daardie kerk in elk van sy gemeentes honderde ongerede lidmate verloor, 'n aantal sal egter tot bekering kom en tientalle lidmate wat waarlik aan Christus behoort sal uit die ander kerke na hulle toe oorkom. En dit is waarlik wins.

### Kerklidmaatskap en Koninkrykburgerskap

Dit moet nie die bedoeling wees om 'n sektariese heiligheidskerkie te stig nie, want ons mag die swakker broeder nie in die steek laat nie. Daar sal altyd baie vleeslike Christene wees wat gehelp moet word. Maar 'n vleeslike Christen is darem 'n Christen, al word sy werke verbrand, hy self sal nooit gered word.

Maar as iemand net vleeslik is

sonder daarby ook 'n Christen te wees, dan is hy nog die eiendom van satan en behoort hy nie 'n lidmaat van die kerk te wees nie. Selfs in een gesuiwerde gereformeerde kerk sal daar nog altyd 'n beperkte aantal huigelaars wees wat nie uitgeken kan word nie. Maar daar staan teenoor dat 'n volk ook nie in sy geheel gelowig kan wees nie, die wat by die Nou Poort ingaan is min, terwyl die Breë Weg met die massas gevul is. As iemand nogtans wil beweer dat ons Heiland Hom vergis het waar dit ons Afrikanervolk betref (amper almal is dan lidmate van die drie susterkerke), dan word hy tog dadelik deur die lae geestelike peil van ook ons volk daar-aan herinner dat kerklidmaatskap in die verste verte nie meer saamval met die hemelse register nie.

Om 'n bietjie uit te wees is altyd onvermydelik want ons het geen insae in die Boek van die Lam nie. Maar 'n lidmaat se werke getuig tog in die algemeen van sy geloof. Die huidige toedrag van sake is egter 'n verregaande gebrek aan eerbied teenoor ons Heiland wat sy gescrende liggaam aan die kruis laat spyker het om uit die ter dood veroordeelde massas van die aarde vir Homself 'n gemeente vry te koop om sy eiendom te wees. En nou is sy gemeente verskeur en het die eiendom geword van die wêreld deur die wêreldlinge amper voor die voas lidmate te aanvaar. Suiwering in die kerke, dus hervorming terug na die Belydenisskrifte, sal al ons probleme, ook die ekumeniese, uiteindelik oplos.

Soekmekaa te Pelgrimsreis, S.A.

### AFRICA LITERATURE CENTRE IN MINDOLO

#### Course for Writers and Editors

The Africa Literature Centre, formerly Africa Writing Centre, is sponsored in its work by The Committee of World Literacy and Christian Literature in New York and by the All Africa Conference of Churches. The Centre was established in 1958 to serve all Africa with training courses for writers. It is non-denominational and is run by an international staff of experts in Christian Communication.

#### Courses:

There will be a course for Writers and Magazine editors running from February 10, 1964 till June 6, 1964. This course will include training in journalism, freelance writing and special attention will be given to the editing and planning of the small magazine. There is no charge for tuition. Board, room and laundry will cost £3.12.0. per week. The total cost for the course is £65 which includes the writing material.

#### Admission:

Students for the course should have a minimum of 12 years of education and possess the ability to speak and write English correctly. Students should be at least 20 years of age. Two letters of recommendation from responsible church or community leaders must accompany the application. Each candidate should also write a short autobiography which should be sent together with the application.

#### Application for admission:

Persons interested in the Course should seek the advice of their Christian Literature Secretaries and should, whenever possible, work through the Christian Councils or Christian Conference of their area. They should fill out the

application form, secure the required recommendations, write the autobiography and mail the application form to the Director, Africa Literature Centre, P.O. Box 1319, Kitwe, Northern Rhodesia. Candidates who are accepted for the course will be informed immediately, either by telegram or by letter.

#### Scholarships

There are a few scholarships available to candidates who are strongly recommended. In some cases it is possible to give partial scholarships, covering either travel or board. The fund for this purpose is small and only really deserving candidates will be considered for scholarship.

#### Staff:

#### BAPTIST ASSEMBLY RESOLUTION ON INTER-RACIAL COURTESIES

The following resolutions were adopted by the Baptist Assembly in King William's Town (Oct. 1963) for submission to their churches:

This Assembly recalls the Resolution on courtesy in Race Relations which was adopted two years ago at Kimberley and is more than ever aware of the fact that good relations between our racial groups are often impaired by thoughtless and discourteous actions.

The Assembly therefore enjoins upon all church members the duty of being true followers of Christ in day-to-day relationships with those of other races.

Accordingly it is again urged:

(a) That such terms as "Kaffir", "Native" and "Boy" or "Girl" be avoided where reference is made to adult Africans.

## THE CHURCH IN THE WORLD

The Literature Centre is directed in its programme by an international staff. The teaching staff is made up of persons who have had wide professional experience in Europe and America. They are assigned to their work through the channels of the National Christian Councils of America, Europe and England.

(b) That parents should teach their children to show respect for domestic servants.

(c) That customers should decline to be served ahead of non-Whites who have been waiting longer than they have.

(d) That in cases of flagrant rudeness towards those of other races, church members have the courage and firmness to lodge a protest with those in authority.

#### Low wages of Non-Europeans.

This Assembly recognising that many of our non-Europeans are receiving wages which only permit living on a sub-economic standard, urges all our people who are responsible for the employment of African and non-European labour to pay adequate wages and to do their utmost to increase the standard of living of their employees.

S.A. Baptist, Dec. 1963

### WHAT OF THE THREE MILLION UNSPECIFIED?

By Rev. Basil H. M. Brown  
secretary — Christian Council.

An interesting analysis of the recent census figures concerning denominational affiliation reveals the following facts. The Churches collaborating together in the Christian Council of South Africa number no less than 41 million members and adherents among 28 denominational groups. Of these approximately 31 million are African, Coloured or Indian.

The N.G. Kerk is by far the biggest single Church in the country with 21 million members, followed by the Methodists with 11 million and the Anglicans with 11 million. The Methodists have by far and away the largest single following among the African popula-

#### WEEK OF PRAYER FOR CHRISTIAN UNITY

In common with other parts of the Southern Hemisphere and after a full discussion it has been decided to observe the Week of Prayer for Christian Unity in South Africa in the week preceding Pentecost, viz. May 10th to 17th 1964.

The January period which is observed in the Northern Hemisphere has been generally found to be unsuitable for observance in the Churches in Australia, New Zealand and South Africa, and we are bringing ourselves into line with the agreed policy for the Southern Hemisphere in adopting the new dates for the observance of this Week of Prayer in South Africa next year.

We shall be using the same material available for the use of the Week of Prayer in the Northern Hemisphere, and copies may be ordered from the Christian Council Office, P.O. Box 2846, Cape Town, at a charge of R1.20 per 100.

It is hoped that the Week

tion with 1½ million.

The Roman Catholics number just over 1 million, Bantu Independent Churches just over 2 million.

Other figures of interest are Lutheran 562,845; Presbyterian 315,458; Congregational 289,171; Nederduitsch Herstelde Kerk 247,230 and Gereformeerde Kerk 101,470.

Figures for the Baptists are not quoted but from their own records stand at 43,015. Apostolics including all Pentecostal Churches, are listed at 412,283 and the Jewish community at 116,066.

One challenging feature of these returns is that no less than 3½ million are unspecified.

Christian Recorder 29.11.63

### PRO VERITATE

Published the 15th of each month.  
Correspondence: Administration.

Address all letters for the Editor and Administration to P.O. Box 487, Johannesburg.

#### Editorial Committee:

Prof. Dr. J. C. G. Kotzé,  
Rev. E. E. Mahabane,  
Rev. R. Orr,  
Prof. Dr. A. van Selms and  
Rev. J. W. Wessels.

#### Editor:

Rev. C. F. B. Naudé.

Subscription:  
Republic of South Africa, S.W.A., Rhodesias and Protectorates: R2 per year, payable in advance.

Overseas: R2.50 per year in advance.  
Cheques and Postal Orders must be made out in the name of "Pro Veritate", (Pty) Ltd.

"Pro Veritate" is printed by the Potchefstroom Herald (Pty) Ltd., Olen Lane, Potchefstroom.